HOOFSTUK 5

# METODE VAN ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

Die doel van dié ondersoek is om die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO te ondersoek, die faktore wat 'n invloed daarop uitoefen te identifiseer en waar nodig voorstelle ter verbetering te doen (vgl. 1.4).

Met die oog hierop is die voorgaande literatuurstudie van akade= miese produktiwiteit in die algemeen en van moontlike faktore wat dit kan beïnvloed, onderneem. Die uitkomste van hierdie litera= tuurstudie is onontbeerlik vir die doeltreffende voortsetting van die ondersoek - soos verder duidelik sal blyk.

In hierdie hoofstuk word die metode wat gevolg is om bogemelde doelstellings te bereik, beskryf.

Soos blyk uit die voorgaande literatuurstudie, maar ook uit die ervaring aan die PU vir CHO, is dit gerade om te onderskei tussen eerstejaar- en ander voorgraadse studente en om sowel die betrok= ke studente as dosente by 'n ondersoek soos hierdie te betrek.

Om die ondersoek so verteenwoordigend as moontlik te maak, is die hele populasie in iedere kategorie, naamlik eerstejaarstudente, dosente en ander voorgraadse sowel as sekere diplomastudente be= trek en is drie afsonderlike vraelyste gebruik.

Die eerste twee vraelyste is gedurende 1976 afgeneem, terwyl die derde eers in 1977 afgeneem is. Die motivering hiervoor is dat dit ook as 'n opvolgstudie moes dien, waarin eerstejaars wat in die 1976-ondersoek betrek is ook as tweedejaars in die 1977-onder= soek betrek kon word. Hiermee is die hoop gekoester dat hulle met die 1976-ondersoek vars in die geheue besonder gevoelig sou wees vir veranderinge wat hulle met hul oorgang van die eerste na die tweede studiejaar ervaar het.

Verder word eerstens sekere voorbehoude, basiese prosedures en be=gripsbepalings gestel. Daarna word beskryf hoe die vraelyste saamgestel en toegepas is en hoe die responsies verwerk is, asook hoe te werk gegaan is om die akademiese produktiwiteit van die universiteit ten opsigte van voorgraadse en bepaalde groepe diplo=mastudente te bereken.

In hierdie stadium moet daarop gewys word dat wat hierin vermeld word, slegs deel uitgemaak het van 'n veel breër ondersoek in opdrag van die Senaat van die PU vir CHO. Daarom is slegs daardie vrae in die drie vraelyste, wat werklik van toepassing is op die aspek=te van die ondersoek wat vir die doeleindes van hierdie proefskrif nodig is, weergegee.

## 5.2 VOORBEHOUDE, BASIESE PROSEDURES EN BEGRIPSBEPALINGS

5.2.1 Die betreklik swak akademiese prestasies van studente in die eerste studiejaar lewer 'n groter bydrae tot swak aka=demiese produktiwiteit as al die ander studiejare gesament=lik (vgl. tabel 3.8). Om hierdie rede is besluit om so 'n volledig moontlike beeld van die akademiese prestasies van eerstejaarstudente aan die PU vir CHO te verkry.

5.2.2 Aangesien daar in 1966 'n opname van akademiese en aanverwan=te aangeleenthede aan die PU vir CHO gemaak is (vgl. PU vir CHO, 1966), is getrag om aansluiting daarby te bewerk=stellig. Daarom is die akademiese prestasies van eerste=jaarstudente oor die tydperk 1966 tot 1975 in die loop van 1976 nagegaan.

5.2.3 Omdat daar geen amptelike samevattende gegewens beskikbaar is, wat al die besonderhede bevat wat op hierdie ondersoek betrekking het nie, is elke eerstejaarstudent se verslag=kaart individueel nagegaan. Op hierdie kaarte word verslag gehou van die betrokke studente se volledige akademiese loopbane. Hierdie taak is uitgevoer deur twee navorsings=assistente wat onder die persoonlike toesig en beheer van die skrywer hiervan gewerk het.

5.2.4 Slegs heeltydse studente is by hierdie ondersoek betrek.

5.2.5 Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is 'n eerstejaar=student 'n student wat vir die eerste keer aan 'n univer=siteit inskryf. Slegs sodanige studente se prestasies is getabelleer.

5.2.6 Om die akademiese prestasies van besondere groepe studente te kan vergelyk, is gegewens ten opsigte van mans, dames, mans-koshuisinwoners en -nie-koshuisinwoners, en dames-koshuisinwoners en -nie-koshuisinwoners ten opsigte van elke fakulteit en in totaal afsonderlik getabelleer.

5.2.7 Daar is terdeë rekening gehou met die feit dat daar verskil=lende metodes is waarvolgens die persentasie studente wat in hul eerste jaar slaag, bereken kan word. Aangesien 'n aantal ingeskrewe eerstejaarstudente gedurende die akade=miese jaar hul studies staak en ander, om een of ander reg=lementêre rede, nie tot die eksamen toegelaat word nie, is gegewens - onder die hoofde in 5.2.6 genoem - van die volgende kategorieë studente afsonderlik getabelleer: eerstejaars wat vóór of op 10 Junie (benaderde datum vir subsidiedoeleindes) van iedere jaar kursus gekanselleer het, eerstejaars wat ná 10 Junie maar voor die aanvang van die eksamen aan die einde van die jaar kursus gekanselleer het, en eerstejaars wat wel vir die eksamen aan die einde van die jaar ingeskryf het.

5.2.8 Kriteria om te bepaal of 'n student in sy eerste studiejaar geslaag het, is vervat in die algemene en besondere regu=lasies en eksamenreglemente van die PU vir CHO en sy fakul=teite. "Behoudens uitsonderinge wat die Senaat goedkeur, word daar geag dat 'n student sy eerste studiejaar (vir die Baccalareusgraad) voltooi het indien hy in minstens <u>drie</u> kursusse vir die eerste studiejaar voorgeskryf, geslaag het." (PU vir CHO, 1978c, regulasie A12, p. 79). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is slegs studente wat, volgens die amptelike kriteria, toegelaat is om met hul

tweede studiejaar aan te gaan, beskou as studente wat ge= slaag het. Hierdie aspek van die ondersoek is met die grootste sorg uitgevoer en gekontroleer met behulp van amp= tenare van die fakulteitsadministrasies. In die algemeen was dit, uit gegewens op die rekordkaarte van studente, baie duidelik of 'n student in sy eerste studiejaar geslaag het al dan nie.

5.2.9 Eerstejaarstudente wat geskors is, of wat weens oortredings van eksamenreglemente daarvan weerhou is om die eksamen te voltooi, is as kansellasies op die datum van skorsing of weerhouding beskou.

5.2.10 Met die nagaan van die verslagkaarte is enkele probleme teë= gekom. Dit is soos volg beredder: aangesien adresverande= rings op Potchefstroom nie konsekwent op verslagkaarte aan= geteken is nie, is die eerste adres wat op die verslag= kaart verskyn, as die verblyfplek van die eerstejaarstudent op Potchefstroom aanvaar - dit het betrekking op die bepa= ling daarvan of 'n student 'n koshuisinwoner is al dan nie. Aangesien die datum van kursuskansellasie op etlike kaarte ontbreek, is alle gevalle waarvoor geen jaarsyfer op die verslagkaarte aangeteken is nie beskou as kansellasies vóór 10 Junie, en is alle gevalle waarvoor daar wel jaar= punte op die kaarte aangeteken is, beskou as kansellasies ná 10 Junie.

5.2.11 Vir die berekening van die aantal koshuisinwoners is inwo= ners van die koshuise van die Potchefstroomse Onderwyskol= lege, en wat ingeskrewe studente van die universiteit is, as koshuisinwoners geklassifiseer. Inwoners van die ver= pleegsterstehuis, en wat ingeskrewe studente van die uni= versiteit is, is egter as nie-koshuisinwoners geklassifi= seer.

## 5.3 DIE VRAELYS AAN EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1976 AAN DIE PU VIR CHO

### 5.3.1 INLEIDING

In weerwil van die bekende gebreke en beperkinge van die question=naire is nogtans vanweë die ekonomie en handigheid daarvan besluit om in hierdie ondersoek van vraelyste gebruik te maak (Ary, Jacobs en Razavieh, 1972, p. 169 – 170; Mouly, 1963, p. 239 - 242; Oppemheim, 1966, p. 24 - 30), en wel hoofsaaklik van geslote vraelyste - hoewel enkele ope vrae ook gebruik is (vgl. Best, 1977, p. 158 — 159; Oppenheim, 1966, p. 40 - 44).

Weens die dringendheid van die ondersoek (vgl. 1.3) is besluit om die eerstejaarstudente reeds in 1976 aan 'n vraelys te onderwerp. Die ander voorgraadse en sekere groepe diplomastudente het in 1977 aan die beurt gekom. Op dié wyse het die eerstejaarstudente van 1976 in 1977 in hul tweede studiejaar, ook die tweede vraelys, naamlik die een vir ander voorgraadse studente, beantwoord. Die hoop is hiermee gekoester dat belangrike veranderinge in menings aangaande faktore wat akademiese prestasies van studente beïnvloed op dié manier by dié studente opgespoor kon word.

Daar is teen 'n steekproef besluit omdat die menings van en inligting oor 'n hele aantal groepe studente afsonderlik verkry moes word, naamlik van mans, dames, mans-koshuisinwoners en -nie-koshuisinwoners, dames-koshuisinwoners en -nie-koshuisinwoners. Bogenoemde strata is verder in substrata wat motors besit al dan nie verdeel. Ook moes inligting oor studente in die verskillende fakulteite afsonderlik verkry word. Daar is voorsien dat die gebruik van 'n steekproef moontlik soms tot te klein fraksies sou lei - wat geldigheid van afleidings in die gedrang kon bring. Daarby is die hele populasie maklik bereikbaar en nie té groot vir redelik maklike hantering nie. Die hele betrokke populasie is derhalwe by die ondersoek betrek.

5.3.2 DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

ŉ Deeglike studie is gemaak van soorte vraelyste en vereistes waaraan dit moet voldoen (vgl. Best, 1977 en Oppenheim, 1966), asook van vraelyste wat vroeër deur Suid-Afrikaanse ondersoekers in verwante ondersoeke gebruik is (vgl. Combrink, 1970; Goosen, 1957; PU vir CHO, 1966 en Visser, 1968). Ook is alle toepasli= ke gegewens wat deur voorgaande literatuurstudie opgelewer is, sowel as die uitkomste van samesprekings met die rektor, die stu= dente-adviseur, senior lede van die doserende personeel en eer= stejaarstudente van die PU vir CHO oor probleme rondom akademiese produktiwiteit in ag geneem by die samestelling van die vraelys. Voorts is die samestelling en uitleg van die vraelys met mnr. M.D. Dent van die rekensentrum van die PU vir CHO bespreek aange= sien die rekenaar geprogrammeer moes word vir die verwerking van die responsies van die geslote afdelings van die vraelys.

Op grond van bogenoemde voorarbeid is ŉ voorlopige vraelys saam= gestel en aan die departementshoofde in die fakulteit Opvoedkun= de voorgelê vir kommentaar. Ná enkele wysigings is die vraelys aan ŉ toevallig gekose steekproef van tien eerstejaarstudente (ŉ man en ŉ dame uit elk van die vyf betrokke fakulteite) gegee om te beantwoord. Ná aanhoor van hul kommentaar is die vraelys finaal saamgestel.

Die vraelys het uiteindelik bestaan uit drie afdelings (vergelyk bylae 1a) en is sover moontlik geslote gehou om dataverwerking te vergemaklik. Slegs die derde afdeling van die vraelys was nood= wendig ŉ ope afdeling. Anonimiteit van respondente is nie gewaar= borg nie omdat daar voorsien is dat aanvullende persoonlike on= derhoude gevoer sou moes word. Respondente is egter verseker dat responsies as streng vertroulik behandel sal word.

5.3.3. DIE TOEPASSING VAN DIE VRAELYS

Met die hulp van die rektor van die PU vir CHO is die samewerking van die studenteraad en die huiskomitees van al die koshuise sowel as die komitee vir dorpstudente verkry om eerstejaarstudente by=

mekaar te kry vir die beantwoording van die vraelys.

Op 'n byeenkoms met dié studenteleiers het die rektor die belangrik=heid van die ondersoek geskets. Skrywer hiervan het hulle ingelig oor die prosedure wat gevolg sou word by die afneem van die vrae=lys aangesien hulle ook as opsieners sou optree. Bogenoemde stu=denteleiers het alle heeltydse eerstejaarstuente versoek om op 'n weeksaand aan die begin van die tweede semester in bepaalde loka=le saam te kom om die vraelys te beantwoord. Alle klasse en toetse, en - sover moontlik - studentebedrywighede, is vir dié aand opgeskort.

Van die 1 136 eerstejaarstudente wat in 1976 vir die eerste keer aan 'n universiteit ingeskryf het, en wel aan die PU vir CHO, is die volgende persentasie responsies in die groepe ontvang:

TABEL 5.1

RESPONSIES ONTVANG VAN EERSTEJAARMANSTUDENTE EN EERSTEJAARDAME=STUDENTE

| | Getal ingeskre=we studente | Getal respon=sies ontvang | Persentasies bruikbare res=ponsies ontvang |
|---|---|---|---|
| Mans | 528 | 344 | 65,2 |
| Dames | 608 | 432 | 71,0 |
| Totaal | 1 136 | 776 | 68,3 |

TABEL 5.2

RESPONSIES ONTVANG VAN EERSTEJAAR-KOSHUISINWONERS

| | Getal ingeskrewe studente | Getal responsies ontvang | Persentasie bruikbare responsies ontvang |
|---|---|---|---|
| Mans | 366 | 295 | 80,6 |
| Dames | 592 | 411 | 69,4 |
| Totaal | 958 | 706 | 72,7 |

TABEL 5.3

RESPONSIES ONTVANG VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE VERSKILLENDE FAKULTEITE

| Fakulteit | Getal ingeskrewe studente | Getal responsies ontvang | Persentasie bruikbare responsies ontvang |
|---|---|---|---|
| Lettere en Wysbegeerte* | 450 | 347 | 77,1 |
| Natuurwetenskappe | 261 | 173 | 66,3 |
| Opvoedkunde | 169 | 119 | 70,4 |
| Ekonomiese Wetenskappe | 153 | 72 | 47,1 |
| Regte | 103 | 65 | 63,1 |
| Totaal | 1 136 | 776 | 68,3 |

* Voornemende teologie-studente is hierby ingesluit.

As die groot populasie in ag geneem word en as die persentasie bruikbare responsies van eerstejaar -

a. mans en dames afsonderlik en gesamentlik (vergelyk tabel 5.1);
b. mans- en dameskoshuisinwoners afsonderlik en gesamentlik (vergelyk tabel 5.2) en
c. studente in die afsonderlike fakulteite (vergelyk tabel 5.3)

in ag geneem word, kan die responsies van al bogenoemde groepe,

met die uitsondering van dié in die fakulteit Ekonomiese Wetenskap= pe (47,1%), as verteenwoordigend van dié groepe studente beskou word. Dit word dan ook verder in hierdie ondersoek gedoen.

Uit 'n moontlike 175 nie-kosgangers is responsies van 70 (39,3%) ontvang wat nie as verteenwoordigend van die hele groep beskou kan word nie.

### 5.3.4 VERWERKING VAN DIE RESPONSIES

Die personeel van die rekensentrum van die PU vir CHO het die re= kenaar geprogrammeer vir datasamevatting en -verwerking. Alle ponswerk is ook deur die personeel van die rekensentrum gedoen. Die oop afdeling in die vraelys is deur skrywer self nagegaan en die responsies is deur hom individueel verwerk.

Dié vraelyste is in die algemeen baie noukeurig ingevul. By sommige vrae het nie al die studente kans gesien om 'n mening te waag nie en daarom kom dit soms in tabelle voor dat die som van die afsonderlike persentasies nie gelyk aan 100% is nie (vgl. hoofstuk 6 en bylae 1b).

## 5.4 DIE VRAELYS AAN DOSENTE VAN DIE PU VIR CHO

### 5.4.1 INLEIDING

Om die mening van die doserende personeel aan die PU vir CHO van 1976 oor moontlike oorsake van swak akademiese prestasies van eerstejaar- en ander studente aan die PU vir CHO, te verkry, is ook besluit op 'n vraelys. Die vraelys het veral ten doel gehad om moontlike didaktiese leemtes wat betrekking het op onderrig aan eerstejaar- en ander studente aan die PU vir CHO, bloot te lê.

### 5.4.2 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

Ná samesprekings met verskeie senior dosente, en met inagneming van die gedane literatuurstudie, is 'n konsepvraelys aan enkele

dosente voorgelê vir kommentaar. Op grond van die kommentaar wat gelewer is, is enkele veranderings aangebring. Daarna is die voor= lopige vraelys aan dosente van die fakulteit Opvoedkunde vir kom= mentaar voorgelê waarop dit weer geredigeer is. Ten slotte is dit toegepas op 'n toevallig gekose steekproef van ses dosente en met inagneming van hul reaksies en kommentaar weer geredigeer. Same= sprekings is vervolgens gevoer met mnr. M.D. Dent van die reken= sentrum om te verseker dat die samestelling van die vraelys en die wyse van beantwoording daarvan geskik is vir programmering. Hierna is 'n finale vraelys saamgestel.

Die vraelys het bestaan uit drie afdelings waarvan die eerste twee geslote was en die laaste oop (vgl. bylae 2a).

5.4.3 DIE TOEPASSING VAN DIE VRAELYS EN DIE VERWERKING VAN DIE RESPONSIES

Die vraelyste is in die poshokkies van doserende personeel geplaas met die versoek dat dit binne twee weke beantwoord moes word. Ná 'n verdere skriftelike versoek aan diegene wat dit nie beant= woord het nie, is uiteindelik 86,6% van die vraelyste wat aan do= serende personeel gestuur is, terugontvang. Net vier tydelik aangestelde personeellede het die vraelys beantwoord; ander van dié personeel het gemeld dat hulle hulleself nog nie bevoeg ag om uitspraak oor sake rakende akademiese produktiwiteit van studente te lewer nie.

Die eerste twee afdelings van die vraelys, wat geslote was, se resultate is ontleed met die hulp van die personeel van die reken= sentrum aan die PU vir CHO. Die responsies in die oop afdeling van die vraelys is individueel deur skrywer self ontleed.

Die responsies in die eerste twee afdelings van die vraelys is verdeel in vyf kategorieë, naamlik die responsies van departe= mentshoofde, professore en senior lektore, lektore, permanent benoemde junior lektore en tydelik aangestelde lektore (vgl. by= lae 2b).

TABEL 5.4

RESPONSIES ONTVANG VAN DOSENTE

| | Getal dosente | Getal respon= sies ontvang | Persentasie bruikbare res= ponsies ontvang |
|---|---|---|---|
| Departementshoofde | 66 | 56 | 84,8 |
| Professore en se= nior lektore | 143 | 122 | 85,3 |
| Lektore | 134 | 117 | 87,3 |
| Junior lektore | 51 | 49 | 96,1 |
| Tydelik benoemdes | 8 | 4 | 50,0 |
| Totaal | 402 | 348 | 86,6 |

As die betreklik hoë persentasie responsies van die verskillende groepe dosente, soos in tabel 5.4 aangedui (tydelike personeel uitgeslote), in gedagte gehou word, kan die responsies van die groepe dosente en van die dosente gesamentlik as verteenwoordigend van die groepe dosente beskou word.

Daar is bevind dat op feitlik alle vrae die responsies van die vyf kategorieë opvallende ooreenkoms openbaar. In die behandeling van responsies van dosente is dus veral na die totaal van respon= sies van die dosente gekyk - gevalle waar responsies van dosente in die verskillende kategorieë ŉ duidelike verskil in siening openbaar, is spesiaal vermeld (vgl. hoofstukke 6 en 7).

Nie alle dosente het elke vraag beantwoord nie. Om dié rede is die totale getal responsies op ŉ vraag aan die dosente nie altyd gelyk aan die getal dosente wat die vraelys beantwoord het nie (vgl. bylae 2b).

## 5.5 DIE ONDERSOEK NA DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN DIE PU VIR CHO

Gedurende 1976 is die akademiese prestasies van eerstejaarstuden= te aan die PU vir CHO vir die tydperk 1966 - 1975 ondersoek. Om die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO betreffende voorgraadse studente te bepaal, is nagegaan watter persentasie eerstejaarstudente wat vir die eerste keer aan 'n universiteit in= geskryf het, wel later die grade en diplomas waarvoor hulle in= geskryf het, verwerf het, asook hoe lank dit hulle geneem het. Dit was dus 'n longitudinale ondersoek aangesien elke student se akademiese loopbaan individueel gevolg is tot op die tydstip dat hy gegradueer of gediplomeer het of sy studies gestaak het.

Vir die tien-jaar-tydperk van 1962 tot 1971 is elke student wat in een van daardie jare as eerstejaarstudent ingeskryf het se verslagkaart individueel nagegaan. In sommige gevalle is 1972 se eerstejaargroep ook betrek, maar dan word dit spesifiek vermeld. Hierdie taak is uitgevoer deur navorsingsassistente wat onder persoonlike toesig en kontrole van skrywer hiervan gewerk het. Weens die aard van die ondersoek was dit nie moontlik om groepe studente wat later as 1972 ingeskryf het se akademiese produkti= witeit te ontleed nie, aangesien sommige van hulle ten tye van die ondersoek nog besig was met hul voorgraadse studies.

Om die akademiese produktiwiteit van besondere groepe studente te kon vergelyk, is gegewens ten opsigte van mans en dames, van fa= kulteite afsonderlik, en van studente wat verskillende kursusse in dieselfde fakulteit volg, afsonderlik getabelleer. Voltydse en na-uurse studente is ook afsonderlik beskou.

Studente wat getabelleer is as mense wat nooit grade of diplomas verwerf het nie, sluit ook alle studente in wat geregistreer het en later gekanselleer het - hetsy ná enkele maande of etlike ja= re.

Die enkele studente wat langer as die minimumtydperk plus drie jaar geneem het om hul eerste grade of voorgraadse diplomas te

verwerf, is ingesluit by dié groep wat hul kwalifikasies in die minimumtydperk plus drie jaar verwerf het.

Die omvang van kursusverandering (waar totaal na 'n nuwe studie=rigting oorgeslaan is) is ook nagegaan.

## 5.6 DIE VRAELYS AAN TWEEDEJAAR-, DERDEJAAR- EN NAGRAADSE ONDER=WYSDIPLOMASTUDENTE VAN 1977

### 5.6.1 INLEIDING

In daardie deel van die ondersoek wat in 1976 gedoen is, het dit in die eerste plek om akademiese prestasies van eerstejaarstuden=te gegaan. Om 'n vollediger beeld te verkry van faktore wat aka=demiese produktiwiteit kan beïnvloed, is voltydse tweede- en der=dejaarstudente asook nagraadse onderwysdiplomastudente in 1977 in die ondersoek betrek.

Aangesien die groep studente wat betrek is, so groot was, was 'n vraelys die aangewese manier om inligting te verkry. Omdat so 'n groot verskeidenheid studierigtings gevolg word deur bogenoemde groepe is teen 'n steekproef besluit. Daar is dus geprobeer om alle tweede-, derdejaar-, en H.O.D.(G)-studente by die ondersoek te betrek.

### 5.6.2 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

Ten einde die vraelys so doeltreffend moontlik aan te wend is daar van die gedane literatuurstudie en die ervaring van die twee vraelyste van 1976 gebruik gemaak. Verder is aan die einde van 1976 'n omsendskrywe aan alle doserende personeel van die PU vir CHO gerig waarin wenke gevra is oor watter aspekte van die didaktiese opset en ander faktore wat akademiese produk=tiwiteit kan beïnvloed, volgens hul mening ondersoek moes word. Met inagneming van hierdie wenke en onderhoude met ervare dosen=te en senior studente is die vraelys volgens dieselfde stappe as die vorige twee vraelyste saamgestel. Die vraelys kon in teen=stelling met die vorige vraelyste anoniem beantwoord word om

langs hierdie weg studente nog meer vrymoedigheid te gee om son=der vrees vir gevolge hul standpunte te stel. Dit het ook uit die vorige twee vraelysstudies geblyk dat opvolgonderhoude vir alle praktiese doeleindes onnodig blyk te wees.

Hierdie deel van die ondersoek was hoofsaaklik beperk tot die di=daktiese opset vir voorgraadse studente (eerstejaars uitgeslote). Daarom is die oneweredig verspreide enkele of klein groepies hon=neurs-, magister- en doktorsgraadstudente in die verskillende departemente nie betrek nie. Maar om tog ŉ redelike verteenwoor=digende oordeel oor die voorgraadse didaktiese opset deur gegra=dueerde studente- wat in wye spektrum departemente deur die voor=graadse meule gegaan het- te verkry, is die groep van 190 na=graadse onderwysdiplomastudente betrek. Hiermee is ook die di=daktiese opset binne die fakulteit Opvoedkunde terdeë onder die loep gebring.

Die vraelys het ook uit ŉ geslote en ŉ oop afdeling bestaan. In die oop afdeling het respondente die geleentheid gekry om hul eie menings te lug. In samewerking met mnre. M. Dent en T. Steyn van die rekensentrum is die antwoordblad van die geslote afdeling van die vraelys vir rekenaarverwerking voorberei.

### 5.6.3 DIE TOEPASSING VAN DIE VRAELYS EN DIE VERWERKING VAN DIE RESPONSIES

Met die samewerking van die departement Interfakultêre Wysbegeer=te is die vraelys deur tweede- en derdejaarstudente beantwoord in die week van 20 tot 24 Junie 1977, en wel in die periodes wat die studente normaalweg lesings in Interfakultêre Wysbegeerte het, terwyl die nagraadse onderwysdiplomastudente (H.O.D.(G)) op 20 Junie 1977 die vraelys tydens Didaktiekperiodes beantwoord het.

Uit ŉ moontlike 2 559 studente het 1 740 (68,0%) die vraelys kor=rek volgens die voorskrifte beantwoord. ŉ Totaal van 80 (3,1%) van die populasie se antwoordlyste was bedorwe omdat respondente by sekere vrae meer as een antwoord verskaf het en die gegewens dus nie deur die rekenaar verwerk kon word nie. Die afwesiges

(28,9% van die populasie) was die wat nie die betrokke Interfakultêre Wysbegeerte- of Didaktiek-periode bygewoon het nie of wat nie vir die vak Interfakultêre Wysbegeerte ingeskryf het nie.

As die groot populasie in ag geneem word, is die persentasie bruikbare responsies heeltemal bevredigend en kan geldige gevolgtrekkings vir die groep in geheel gemaak word.

(Vir tabel 5.5 vgl. p. 153)

In die ontleding van responsies is daar onderskei tussen:

1. mans en dames
2. fakulteite
3. tweedejaar-, derdejaar- en nagraadse onderwysdiplomastudente
4. koshuisinwoners en nie-koshuisinwoners en
5. mans en dames wat in koshuise inwoon

As in tabel 5.5 na die totale getal responsies in elke fakulteit gekyk word, blyk dit dat die laagste persentasies responsies 59,4% (Opvoedkunde, voorgraads) en 63,6% (Ekonomiese Wetenskappe) is. Ook dit kan as redelik verteenwoordigend beskou word. Ook die persentasie responsies van man- en damestudente afsonderlik (onderskeidelik 62,8% en 73,0%) kan as verteenwoordigend van die groepe beskou word.

Van die ingeskrewe tweedejaarstudente het 71,4% bruikbare responsies gegee teenoor die 60,4% van die derdejaarstudente en die 89,5% van die nagraadse onderwysdiplomastudente. Ook dit kan as heeltemal verteenwoordigend van die drie groepe studente beskou word

Dit was ongelukkig nie moontlik om vas te stel watter persentasies van die populasie man- en damestudente in koshuise tuis is nie. Maar, as die groot getalle respondente in ag geneem word, kan met 'n redelike mate van sekerheid aangeneem word dat dié getalle man- en damestudente wat in koshuise of elders inwoon (vgl. tabel 5.6) verteenwoordigend van die vier groepe studente is.

TABEL 5.5

DIE SAMESTELLING VAN DIE POPULASIE IN DIE VERSKILLENDE FAKULTEITE WAT BETREK IS EN DIE PERSENTA=SIES BRUIKBARE RESPONSIES

| Fakulteit | Ingeskrewe studente | | | Responsies ontvang | | | Persentasie bruikbare res=ponsies ontvang | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Dames | Tot. | Mans | Dames | Tot. | Mans | Dames | Tot. |
| Lettere en Wys=begeerte | 360 | 602 | 962 | 224 | 415 | 639 | 62,2 | 68,9 | 66,4 |
| Natuurweten=skappe | 291 | 227 | 518 | 182 | 195 | 377 | 62,2 | 85,9 | 72,8 |
| Ekonomiese Wetenskappe | 262 | 62 | 324 | 156 | 50 | 206 | 59,5 | 80,6 | 63,6 |
| Regte | 161 | 29 | 190 | 105 | 19 | 124 | 65,2 | 65,5 | 65,3 |
| Opvoedkunde (voorgraads) * | 122 | 255 | 377 | 66 | 158 | 224 | 54,1 | 62,0 | 59,4 |
| Opvoedkunde H.O.D. (G) | 61 | 127 | 188 | 59 | 111 | 170 | 96,2 | 87,4 | 90,4 |
| Groottotaal | 1 257 | 1 302 | 2 559 | 790 | 950 | 1 740 | 62,8 | 73,0 | 68,0 |

* Studente vir die vierjarige H.O.D.(Sek.) en driejarige O.D.

TABEL 5.6

GETALLE KOSHUISINWONERS EN NIE-KOSHUISINWONERS WAT VRAELYSTE BEANTWOORD HET

| | Koshuis | Nie-koshuis | Totaal |
|---|---|---|---|
| Mans | 440 | 344 | 784 |
| Dames | 793 | 157 | 950 |
| Totaal | 1 233 | 501 | 1 734 |

Dit het by die nagaan van die ingevulde vraelyste duidelik geblyk dat respondente die beantwoording van die vraelys met groot erns bejeën het. Hierdie waarneming is ook deur verskeie opsieners beaam.

Dit sal gemerk word dat die totaal van die responsies in sekere kolomme nie op 100% te staan kom nie (vergelyk bylae 3b) omdat enkele respondente in daardie gevalle nie die betrokke vraag be=antwoord het nie.

## 5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die metode van ondersoek na die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO en faktore wat dit kan beïn=vloed, beskryf.

Die akademiese produktiwiteit is volgens 'n longitudinale studie vasgestel en wel deur op grond van kontrole van elke individuele student se akademiese rekord na te gaan watter persentasie eerstejaarstuden=te wat in die tydperk 1962 - 1971 aan die PU vir CHO ingeskryf het, wel later die grade of diplomas waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf het en ook hoe lank dit hulle geneem het om die grade en diplomas te verwerf. Aangesien die persentasie eerstejaarstu=dente wat slaag 'n opmerklike invloed op akademiese produktiwiteit uitoefen, is die akademiese prestasies van eerstejaarstudente vir die tydperk 1966 — 1975 ook afsonderlik nagegaan.

Om meer lig te werp op redes vir swak akademiese prestasies van studente is inligting ingewin by

a. eerstejaarstudente,

b. dosente en

c. tweedejaar-, derdejaar- en nagraadse onderwysdiplomastudente

deur middel van vraelyste. In ieder geval is geprobeer om die hele populasie by die ondersoek te betrek.

In die volgende hoofstuk word die responsies statisties bewerk en ontleed.